

BYBELSTUDIE OP DIE TWEDE BRIEF AAN DIE TESSALONISENSE

Voorwoord

Hierdie Bybelstudie wat handel oor 2 Tessalonisense word gedurende 2004 in Bellville aangebied. Ek gebruik die insigte van alle kommentare wat ek op my boekrak beskikbaar het. Ek vermeld veral een kommentaar wat ek gebruik: Calvyn se Kommentaar op 2 Thessalonicense – 'n vertaling uit die oorspronklike Latyn deur prof. Fanus Postma. Die vertaling het nog nie in druk verskyn nie, maar mag die Here gee dat dit wel in die toekoms sal gebeur.

Wanneer hierdie Bybelstudie eendag voltooi is, sal ek die finale produk van 'n volledige bronnelys voorsien.

Let asseblief daarop dat – behalwe in die geval van aanhalings – die spelling van name soos in die 1983-vertaling van die Bybel gebruik word.

Inleiding

Die brief begin – soos alle klassieke briewe – met die naam van die skrywer van die brief en dan ook die naam van die geadresseerdes.

Die aanhef van die brief is nie dieselfde as die adres van die brief nie. Die adres van die brief is gewoonlik op die agterkant van die papius geskryf. Gewoonlik was dit iets soos: van XXX aan NNN of: van XXX om afgegee te word aan NNN

Paulus het die Tessalonisensebriewe blykbaar persoonlik gewaarmerk. Vergelyk hierby die volgende vers:

Die groete van Paulus, met my eie hand, wat 'n teken is in elke brief; so skryf ek. (2 Thes. 3:17 AFR53)

Nie een enkele van die kanonieke briewe se oorspronklike adresse het vir ons bewaar gebly nie. Dit is egter nie belangrik dat die adresse bewaar moes bly nie, aangesien die gemeentes die briewe oorgeskryf (gekopieer) het en dan met ander adresse aan mekaar gestuur het. Die belangrike ding waarvoor dit alles gegaan het, was die inhoud van die briewe. Daarom is dit wat belangrik was nog steeds deel van die aanhef van die brief.

1. Die geadresseerdes

Altwee die briewe word geskryf vir die Christene in Thessalonika. Die stad is ongeveer 315 v.C. deur Cassander gestig. Cassander was die skoonseun van Filippus van Masedonië.

Die stadjie Thessalonika was naby warmbronne geleë. Die naam van die plek met die warmbronne was Thermae. Die groot Romeinse weermagpad, die via Egnatia, het langs die stad verbygegaan. Daarby was dit 'n hawestad waar baie handel gedryf is. Verskillende volke het hier besigheid gedoen, waaronder veral die Grieke, Masedoniërs, Romeine en Jode.

Die naam van die stad kom van Cassander se vrou Thessalonikè. Die moderne naam van die stad is Saloniki.

Na 146 n.C. het Thessalonika die hoofstad van die Romeinse provinsie Masedonië geword.

2. Paulus en Thessalonika

Tydens Paulus se tweede sendingreis moes hy en Silas en Timoteus baie skielik uit Filippi padgee. Hulle het toe in Thessalonika aangekom. Ons lees hierdie geskiedenis in Handeling 17:1-9 (AFR53):

Toe het hulle deur Amfípolis en Apollónië gereis en in Thessaloníka gekom, waar 'n sinagoge van die Jode was.

- 1. En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gesprek uit die Skrifte**
- 2. en dit uitgelê en aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan, en gesê: Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig, is die Christus.**
- 3. En sommige van hulle is oortuig en het hulle by Paulus en Silas aangesluit, ook 'n groot menigte van die godsdienstige Grieke en 'n groot aantal van die aansienlikste vroue.**
- 4. Maar die ongelowige Jode was afgunstig en het slegte manne van die leeglopers saamgeneem**

- en die stad in opskudding gebring deur 'n volksoploop te bewerk. En hulle het die huis van Jason aangeval en probeer om hulle voor die volk te bring.
5. Maar toe hulle hul nie kry nie, het hulle Jason en 'n paar broeders na die stadsowerhede gesleep en geskreeu: Die mense wat die wêreld in opstand bring, hulle het hier ook gekom,
 6. en Jason het hulle ontvang. En hulle almal handel teen die bevele van die keiser en sê dat daar 'n ander koning is, naamlik Jesus.
 7. En hulle het die skare in opskudding gebring en ook die stadsowerhede wat dit gehoor het.
 8. Maar toe hulle van Jason en die ander genoegsame waarborg ontvang het, het hulle hul losgelaat.

Paulus het destyds drie weke lank vir die Jode in hulle sinagoge gepreek.

- Net 'n aantal Jode het tot bekering gekom.
- Daarteenoor het daar baie "godsdiensige Grieke"
- en 'n klomp vooraanstaande vrouens gelowig geword.

3. Aanleiding vir die skrywe van die briewe aan die Tessalonisensers

Omdat Paulus en sy geselskap onder die druk van die Jode haastig uit Tessalonika na Berea toe moes gaan, was Paulus baie bekommerd oor die jong gemeente.

Intussen het Timoteus by Paulus opgedaag met nuus van die gemeente. Onder andere het hy berig dat daar 'n aantal verkeerde opvattinge in die gemeente was:

- Daar was 'n tekort aan geloof.
- Daar was ook 'n verkeerde wederkomsverwagting.
- Die Christene (m.a.w. die gemeente) is ook verdruk en vervolgt.
- Verder was daar mense wat Paulus en sy helpers verdag gemaak het by die gemeente – hulle is op een vlak gestel met die rondreisende filosowe en towenaars wat op die sak van die gemeente geparasiteer het.
 - Die feit dat dit rugbaar geword het dat Paulus twee keer geld ontvang het van Filippi af, kon hierdie indruk versterk het:
- Want ook in Thessalonika het julle vir my behoefte meer as een maal iets gestuur. (Fil. 4:16 AFR53)
- Die brief het ook 'n apologetiese doel omdat dit die wanopvatting wat in die gemeente bestaan het oor die ontslapenes regstel.
 - Die brief hanteer dit wat met die ontslapenes gebeur wanneer die Here Jesus kom.
 - Verder behandel dit ook die tydstip van die Here Jesus se koms en daarmee saam 'n teregwysing omdat die gemeentelid hulle daaglikse lewe verwaarloos het as gevolg van hulle verkeerde wederkomsverwagting.

Die doel van 2 Tessalonisense is om die gelowiges moed in te praat terwyl hulle onderdruk en vervolgt word.

- Hulle reg sal herstel word.
- Voordat Jesus Christus kom, sal daar eers baie afval wees en die goddelose mens moet ook eers geopenbaar word.
- Die gemeente word geleer hoe hulle hulle moet gedra teenoor dié wat hulle nie aan die vermaning van die apostels steur nie.

Calvyn gee die volgende rede vir die skrywe van die brief:

Die aanleiding van hierdie skrywe was egter dat die Thessalonicense nie sou dink dat Paulus hulle verwaarloos het, omdat hy in sy haas na elders nie na hulle gekom het nie. In die eerste hoofstuk moedig hy hulle aan tot lydsaamheid. In die tweede hoofstuk weerlê hy 'n ydele en fabelagtige (ongegronde) mening wat ingang gevind het, naamlik aangaande die naderende koms van Christus, en hy doen dit met hierdie argument – dat daar eers 'n skeuring in die Kerk moet plaasvind en dat 'n groot gedeelte van die wêreld op 'n verraderlike manier van God afvallig moet word, ja, dat die Antichris in die tempel van God moet regeer. In die derde hoofstuk, nadat hy hom aan hulle gebede opgedra het en hulle kortliks tot standvastigheid aangespoor het, beveel hy hulle om diegene wat in ledigheid ten koste van ander lewe, streng te bestraf. Maar as hulle nie gehoor wil gee aan vermaning nie, leer hy dat hulle uit die kerklike gemeenskap geban moet word. (Vertaling

uit die oorspronklike deur prof. Fanus Postma)

4. Datering

Die eerste brief aan die Tessalonisensers is waarskynlik kort na Timoteus se terugkoms uit Tessalonika geskryf. Paulus was toe nog duidelik onder die indruk van die nuus wat Timoteus gebring het.

Maar nou dat Timótheüs net van julle af by ons aangekom het en ons die goeie tyding van julle geloof en liefde gebring het, en dat julle altyd 'n goeie herinnering aan ons behou en verlang om ons te sien, net soos ons ook vir julle . . . (1 Thes. 3:6 AFR53).

Paulus is destyds van Tessalonika af na Berea toe en daarvandaan na Athene toe. Hy het nie in een van die twee plekke lank gebly nie. Daarna is hy waarskynlik na Korinthe. Dit was terwyl Paulus hier was dat Silas en Timoteus van Masedónië gekom het en aan hom al die nuus oorgedra het.

Handelinge 18:1-11 (AFR53) verhaal die volgende:

1. En daarna het Paulus uit Athéne vertrek en in Korinthe gekom.
2. En hy het 'n Jood gevind met die naam van Áquila, afkomstig uit Pontus, wat onlangs met sy vrou Priscilla van Italië gekom het, omdat Claudius beveel het dat al die Jode uit Rome moes vertrek. Na hulle toe het hy gegaan;
3. en omdat hy van dieselfde ambag was, het hy by hulle gebly en gewerk, want hulle was tentmakers van ambag.
4. En hy het elke sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig.
5. En toe Silas en Timótheüs van Macedónië afgekome het, was Paulus ywerig besig om aan die Jode kragtig te betuig dat Jesus die Christus is.
6. Maar toe hulle aanhou om teëstand te bied en godslasterlike dinge te spreek, het hy sy klere uitgeskud en vir hulle gesê: Julle bloed is op julle hoof. Ek is rein. Van nou af sal ek na die heidene gaan.
7. En hy het daarvandaan weggegaan en in die huis gekom van iemand met die naam van Justus, wat 'n godvresende man was, wie se huis naasaan die sinagoge gestaan het.
8. En Crispus, die hoof van die sinagoge, het met sy hele huisgesin in die Here geglo; en ook baie van die Korintheërs het, toe hulle hom hoor, gelowig geword en is gedoop.
9. En die Here het deur 'n gesig in die nag aan Paulus gesê: Wees nie bevrees nie, maar spreek en moenie swyg nie;
10. want Ek is met jou, en niemand sal die hand aan jou slaan om jou kwaad aan te doen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad.
11. En hy het daar gebly 'n jaar en ses maande lank en die woord van God onder hulle geleer.

Die reformator Calvyn het iets van 'n ander siening oor die plek waarvandaan hierdie brief geskryf is: *Dit is vir my onwaarskynlik dat hierdie Brief vanuit Rome versend is, soos die Griekse manuskripte dit gewoonlik het, want Paulus sou, soos hy in ander Briewe gewoonlik gedoen het, iets vermeld het (aangeraak het) aangaande sy boeie. Bowendien dui hy aan die begin van die derde hoofstuk aan dat gevaar afkomstig van verkeerde (en slegte) mense hom in die gesig gestaar het. Hieruit kan afgelei word dat toe hy op pad was na Jerusalem, hy tydens die reis hierdie Brief geskryf het. By die Latini was dit reeds vroeg algemeen aanvaar dat dit te Athene geskryf is.* (Vertaling uit die oorspronklike deur prof. Fanus Postma)